PRIMÊRE SKOOL JIM FOUCHÉ

LAVENDERSTRAAT
GARDENIAPARK
BLOEMFONTEIN

TEL: (051) 522 5951
(051) 522 7031
FAKS: (051) 5220681
E-POS: info@psjf.co.za
www.psjf.co.za

POSBUS 32019
FICHARDPARK
9317

Saai om te Oes

Geagte Ouers

13 November 2009

SKOOLFONDS 2010

Lees asseblief hierdie brief noukeurig. Hierin is baie belangrike inligting vervat.

Wysigings aan die Suid-Afrikaanse Skolewet het dit noodsaaklik gemaak dat die skool die volgende reëlings met betrekking tot skoolfonds vir 2009 tref:

1. Ingevolge die Wet is die betaling van skoolfonds verpligtend. Verder bepaal die wet dat die hele jaar se skoolfonds vooruit betaalbaar is voor of op **31 Januarie** van elke jaar.

2. Ons wil graag ouers tegemoet kom wat nie die volle bedrag eenmalig kan vereffen nie. Daarom is gereël dat ouers formeel mag aansoek doen om die jaar se skoolfonds maandeliks af te betaal: 11 paaiemente (Januarie tot November), elke maand stiptelik voor die 7de van die maand. Indien u wil reël om die skoolfonds af te betaal, moet u die aangehegte aansoekvorm voltooi en so gou as moontlik aan die skool terug besorg word. **Januarie skoolfonds is onmiddellik betaalbaar.**

3. Artikel 40 van die Wet maak daarvoor voorsiening dat die betaling van skoolgelde deur 'n regsproses afdwingbaar is.

   3.1. Indien 'n ouer in gebreke bly om die volle jaar se skoolfonds voor 31 Januarie 2010 te betaal sonder om 'n afbetalingsooreenkoms met die skool op die voorgeskrewe vorms aan te gaan, is die skool geregtig om onmiddellik met 'n regsproses te begin om die volle jaar se skoolgeld te vorder.

   3.2. Verder, indien 'n ouer wat 'n afbetalingsooreenkoms met die skool aangegaan het, een maand in gebreke sou bly om die afbetaling op die Skoolfonds na te kom, is die volle jaar se uitstaande bedrag onmiddellik betaalbaar. Indien die ouer dan in gebreke sou bly om die volle skoolgeld te vereffen, sal die rekening oorhandig word vir invordering.

4. Die Wet maak ook voorsiening vir verskillende vorme van vrystelling van die betaling van Skoolfonds vir ouers in laer inkomstegroepe. Ouers wat dink dat hulle vir vrystelling kwalifiseer mag op die voorgeskrewe vorm aansoek doen. Die vorm moet voor of op **31 Januarie 2010** by die skool ingehandig word.

5. Op die Begrotingsvergadering gehou op 12 November 2009 is daar besluit dat die verpligte betaling van skoolfonds vir 2010 soos volg daar sal uitsien:

SKOOLFONDS betaalbaar voor 31 Januarie 2010 (-3.5%)		**AFBETAAL van skoolfonds oor 11 mnde**		
KINDERS	**EENMALIG**	**PER JAAR**	**Januarie / 1ste maand in skool**	**Februarie - November**
1	R 4 725.00	R4895.00	R595.00	R430.00
2	R 9 450.00	R9 790.00	R1 190.00	R860.00
3	R11 812.50	R12 237.50	R1 487.50	R1 075.00
4	R14 175.00	R14 685.00	R1 785.00	R1 290.00

Indien daar enige verdere onduidelikheid is, geliewe die skoolkantoor te skakel.

Vriendelike groete

P Slater
VOORSITTER : BEHEERLIGAAM

NS. Die Beheerliggaam het besluit dat indien die daaropvolgende jaar se skoolfonds in die huidige jaar voor die Begrotingsvergadering betaal word, die verskil aan die begin van die volgende jaar inbetaal moet word.